NOTULE

VIR DIE EEN EN NEGENTIGSTE VERGADERING VAN DIE

SINODE

VAN DIE

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN KWAZULU-NATAL

GEHOU TE PIETERMARITZBURG

DINSDAG 11 TOT DONDERDAG 13 OKTOBER 2005

INHOUDSOPGAWE

Lys van Afkortings 2
Voorwoord 3
Visie en Slagspreuk 4

NOTULE 5
1. Verwelkoming 5
2. Konstituering 5
3. Amptelike Opening..... 5
4. Uitnodigings 5

N.1. Verslag van Moderamen... 6
4. Natal Sinode 6
5. Kommunikasie 7
8. Korrespondensie 7
9. Administrasie 7
11.3 Konvent 8
12.2 Belhar Belydenis 8
13. Ekumene 9

N.2. Verslag van die Sinodale Ondersteuningskommissie 10
6. Mediese Sake 10
8. Sinodale Bydraes 11
10. Studiefondse 12
12. Eiendom en Toerusting.. 12

N.3. Verslag van Sinodale Bedieningskommissie 13
1. Inleiding 13
3. Familiesake 13
3.2 Homoseksualiteit 13
3.9 Liturgiese element by vergaderings 13
3.10 Predikantebediening 13
3.11 Predikantekursus 14
3.12 Selfsorgslypskool 14
3.16 Skoolverlaterskampe 14
3.17 Jeugbediening 14
4.2 Combined Missions Committee en vennootskap met Kingfisher Mobilisering-sentrum 14
5.1.6 KZN CMD 14

N.4. Verslag van die Sinodale Regskommissie 16
8. Bepalinge Lêer 16

N.5. Nuutverkose Kommissies, Verteenwoordigers en Afgevaardigdes 19

N.6. Afsluiting van die Sinodevergadering 23
1. Bedankings 23
2. Afsluitingsliturgie 23

BYLAES:
B1 Verslag van die Sinodale Regskommissie insake Konstituering.
B2 Openingsrede.
B3 Nagmaalsliturgie.
B4 Groeteboodskap – CPSA
B5 Manuskrip vir Sinodevergadering 2005
B6 Besluiteregister

LYS VAN AFKORTINGS

ADL	Algemene Diensgroep Leierskap
Adv	Adviseer
AJK	Algemene Jeugkommissie
AKAI	Algemene Kommissie vir Argief en Inligting
AKDV	Algemene Kommissie vir Diensverhoudinge
AKF	Algemene Kommissie vir Fondse
AKKM	Algemene Kommissie vir Kerklike Media
AKV	Algemene Kommissie vir die Vrouediens
AOS	Afrikaanse Onderwys Stigting
Art	Artikel
AS	Algemene Sinode
ASK	Algemene Sinodale Kommissie
Bl	Bladsy
BUVTON	Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding (US)
CABSA	Christain Aids Bureau of SA
CBCO	Church Based Community Organitations
CBO	Church Based Organisation
CESA	Church of England in SA
CIC	Committee for Inter-Church Care
CMC	Combined Mission Commission
CMD	Christelike Maatskaplike Dienste
CSV	Christelike Studente Vereniging
Di	Dominees
Dr	Doktor
DRC	Durban Reformed Congregation
Ds	Dominee
Faskom	Fasiliteringskommissie
GEM	Geestelike Eeufees Monumente Sending
GK	Gesamentlike Komitee
JKJA	Junior Kerk Jeugaksie
IMSA	Industrial Ministry in SA
KMS	Kingfisher Mobilisering Sentrum
KO	Kerkorde
KR	Kerkraad
KZN	KwaZulu-Natal
KZNCC	KwaZulu-Natal Christian Council
KZNCLG	KwaZulu-Natal Church Leaders Group
LTB	Langtermyn Bedieningsprogram
NCD	Natural Church Development
NG KERK	Nederduits Gereformeerde Kerk
NGKN	Nederduits Gereformeerde Kerk van Natal
NGTT	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
NHK	Nederduitse Hervormde Kerk
NSE	Natal Sinode Eiendomme
NT	Nuwe Testament
NW0	Nie Winsgewende Organisasie
OD	Ondersteuningsdienste
OWO	Openbare Weldaadsorganisasie
Oudl	Ouderling
OT	Ou Testament
PIPL	Persoonlike Interpersoonlike Professionele Leierskapsmodel
Pt	Punt
PSD	Predikant in Sinodale Diens
RAU	Randse Afrikaanse Universiteit (nou Johannesburg Universiteit)
RCA	Reformed Church in Africa
Rev	Reverend
RFK	Ringsfinansiëlekommissie
SA	South Africa/Southern Africa
SABC	South African Broadcasting Corporation
SACLA	South African Church Leaders Assembly
SARK	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
SBK	Sinodale Bedieningskommissie
SKJA	Senior Kerk Jeugaksie
SOK	Sinodale Ondersteunings-kommissie
SKV	Sinodale Kommissie vir die Vrouediens
SRK	Sinodale Regskommissie
UP	Universiteit Pretoria
URCSA (KZN)	Uniting Reformed Church in Southern Afrika (Regional Synod KwaZulu-Natal)
US	Universiteit van Stellenbosch
UV	Universiteit van die Vrystaat
VCSV	Verenigde Christelike Studente Vereniging
Vgl	Vergelyk
VGKSA	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
VGKSA	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
VPI	Verbruikersprys Indeks

VOORWOORD

.

Die Sinodevergadering van die **NG Kerk in KZN** het plaasgevind met die volgende vergaderingdoelwit of slagspreuk:

"Ons Vader se familie: Gehoorsaam! Werksaam! Sigbaar!"

Die sinodevergadering is ingerig volgens die Sinode se visie, waarin die FAMILIE-metafoor 'n belangrike rol speel. Die verslae is onder die volgende hoofde aangebied:

Hegte familiesake – Wentel rondom die sake wat eie is aan ons sinode en gemeentes in Natal.

Kerkhereniging – Gaan oor samewerking binne die NG Kerk familie. Saam soeke na samewerking met die RCA, NGKA en VGKSA, Belharbelydenis, ens. Hier was die vergadering bevoorreg om die insette van Dr Kobus Gerber, Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode, te hoor.

Ekumene – Sake wat wyer as die familie gaan, bv. CMD, Hospitaalbediening, Arbeidsbediening, Lidmaatskap van die KZN se Raad van Kerke, Lidmaatskap van die Raad van Kerkleiers in KZN. Die vergadering is deur Kardinaal Wilfred Napier, voorsitter van die KZNCLG, toegespreek.

Familie-uitdagings – Daar is saam gesoek na maniere om armoede, MIV/Vigs, misdaad, rampe in ons bedienigsgebied aan te spreek.

Die resultaat van hierdie "familievergadering" vind neerslag in hierdie Notule van die een-en negentigste Sinodevergadering van die NG Kerk in KZN.

Hanteer die notule soos volg:

1. Lees die notule met die lys van afkortings op p 2 ter hand.

2. Die numerings van die agenda word ook in die notule gevolg.

3. Lees die notule met die agenda en al die bylaes, wat u voor en tydens die sinodervergadering ontvang het, ter hand.

Die inhoud van die notule is belangrik in ons strewe as familie van die Hemelse Vader om gehoorsaam, werksaam en sigbaar te wees.

Implementeer asseblief ons besluite. Jesus se broer het gesê: "'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood." Jak 2:26

Ons Hemelse Vader se rykste seën word u toegebid.

_____

Philip Meyer

VISIE

(In lig van die roeping, asook Verklaring van 2003 Sinode)

Ons sien die NG Kerk in KZN binne vyf jaar as 'n
hegte familie wat mekaar ken en mekaar bystaan om met Woord en daad Christus sigbaar te maak,
wat erns maak met die herenigingsproses,
wat saam met die uitgebreide familie van kerke werk aan een Christelike getuienis,
wat betrokke is by die uitdagings van armoede, MIV/VIGS en misdaad.

Slagspreuk

ONS VADER SE FAMILIE: GEHOORSAAM, SIGBAAR, WERKSAAM!

NOTULE VAN DIE EEN-EN-NEGENTIGSTE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN NATAL IN SITTING TE PIETERMARITZBURG OP 11 TOT 13 OKTOBER 2005

1. VERWELKOMING

Die Voorsitter, ds L W Meyer, verwelkom al die afgevaardigdes, in besonder die nuwe leraars. Hy heet ook besoekers van ander kerke, wat die sinode op uitnodiging bywoon, hartlik welkom.

2. KONSTITUERING

Die sinodevergadering konstitueer met 132 lede soos aangedui in die verslag van die Regskommissie (Bylae B1).

3. AMPTELIKE OPENING

Die Voorsitter neem die amptelike opening van die sinodevergadering en die Nagmaalbediening waar. Sy openingsrede is beskikbaar as Bylae B2.

'n Entoesiasmewekkende oudio-visuele aanbieding oor die sinodale kommissies se werksaamhede word aan die vergadering vertoon.

4. UITNODIGINGS

Die volgende kerke het verteenwoordigers na die opening en die Nagmaalsdiens van die sinode gestuur:

- RCA – Ds B Shunmugam
- VGKSA – Di PM Moloi, SN Mnisi, MF Sibeko en ME Ngcobo
- CESA – Rev W Cole-Edwards
- CPSA – Rev F Pitout
- Presbeteriaanse Kerk – Rev R Calder.

N.1 VERSLAG VAN DIE MODERAMEN (A.1)

Die sinodevergadering neem die verslag van die Moderamen in behandeling, neem kennis van die inhoud daarvan, bespreek dit en besluit soos volg:

HEGTE FAMILIE

Dr H Theunissen lei die sinodevergadering in 'n gesprek oor diversiteit as 'n bate wat die dinamiek van die kerk dien. In die diversiteit is 'n Gedeelde Visie vir die NG Kerk van Natal en luister na mekaar (Seisoen van Luister) noodsaaklik. Dr Theunissen dui aan dat dié dinge ook vir hierdie sinodevergadering rigtinggewend gaan wees.

4. NATAL SINODE

4.6 Reëlings

Voorstel:
Die Sinodevergadering keur die volgende reëlings goed:

4.6.2 Sittingstye

4.6.2.1 Die volgende sittingstye is vasgestel:
Dinsdag 11 Oktober:
Registrasie en verversings – 09:00-09:45
Almal neem sitplekke in - 09:45
Sessie 1 – 10:00-13:00
Middagete – 13:00-14:00
Sessie 2 – 14:00-16:00
Verversings – 16:00-16:30
Sessie 3 – 16:30-18:00
Aandete – 18:00-19:00
Aandsessie – 19:00-20:30
Tydelike Kommissies – na 20:30
Woensdag 12 Oktober:
Sessie 1 – 08:30-10:30
Verversings – 10:30-11:00
Sessie 2 – 11:00-13:00
Middagete – 13:00-14:00
Sessie 3 – 14:00-16:00
Verversings – 16:00-16:30
Sessie 4 – 16:30-18:00
Aandete – 18:00-19:00
Aandsessie – 19:00-20:30
Tydelike Kommissies – na 20:30
Donderdag 13 Oktober:
Sessie 1 – 08:30-11:00
Verversings – 11:00-11:30
Sessie 2 – 11:30-13:00
Middagete – 13:00-14:00
Sessie 3 – 14:00-15:00
Afsluiting – 15:00-16:00

4.6.3 Tydelike Notulekommissie

4.6.3.1 Die volgende persone is aangewys om die notule te skryf, te proeflees, besluite van vorige dag beskikbaar te stel en aankondigings te hanteer (beskikbaar op skerm):
4.6.3.1.1 SWP Scott (sameroeper)
4.6.3.1.2 PJ Meyer
4.6.3.1.3 EM Raath (kantoor)
4.6.3.1.4 R Visser
4.6.3.1.5 M Kruger
4.6.3.1.6 AC Steyn

4.6.4 Tydelike Kommissie vir Voorstelle

4.6.4.1 Die volgende persone is aangewys om inkomende voorstelle te numereer, te dupliseer en op rekenaar voor te berei vir projeksie:
4.6.4.1.1 AH Verhoef (sameroeper)
4.6.4.1.2 PA Swanepoel
4.6.4.1.3 JL Dippenaar

4.6.5 Steunspan

4.6.5.1 Die volgende persone is aangewys:
4.6.5.1.1 Klank: DJ Venter, Tydelike personeel (indien nodig), CWJ van den Berg (Kantoor).
4.6.5.1.2 Projeksie: JS van der Walt, GM de Lange, M Combrinck (Kantoor).
4.6.5.1.3 Bodes en mikrofone: CZ Pretorius (Kantoor) en drie tydelike personeellede
4.6.5.1.4 Verslae van Tydelike Kommissies: BJ van Dyk (handig alle verslae vir tik en duplisering by hom in), CR Kotze en M Zaayman (Kantoor)
4.6.5.1.5 Duplisering: M du Preez en M Zaayman (Kantoor)
4.6.5.1.6 Spysenering: IGH Bouwer

4.6.6 Stemtellers

4.6.6.1 Die volgende persone is aangewys om tydens die vergadering stemme tel wanneer nodig:
4.6.6.1.1 AL van Rooyen (sameroeper)
4.6.6.1.2 AJ Small
4.6.6.1.3 P Fouché
4.6.6.1.4 DM Wagenaar
4.6.6.1.5 T Naudé
4.6.6.1.6 M Malherbe

4.6.7 Tydelike Kommissie vir Algemene Sake

4.6.7.1 LW Meyer (sameroeper)
4.6.7.2 PJ Raath
4.6.7.3 FJ van der Merwe

4.6.7.4 PJ Meyer
4.6.7.5 H Theunissen
4.6.7.6 GP Kemp
4.6.7.7 L van der Walt
4.6.7.8 FJJ van Rensburg
4.6.7.9 CJ van der Westhuizen
4.6.7.10 AD Gerber
4.6.7.11 BJ van Dyk (adviserend)
4.6.7.12 RB van Aarde (adviserend)

4.6.8 Tydelike Ondersteuningskommissie

4.6.8.1 FJ Klopper (sameroeper)
4.6.8.2 DSM Schoeman
4.6.8.3 J Vosloo
4.6.8.4 RHJ Venter
4.6.8.5 J de Wet (KR)
4.6.8.6 DM Wagenaar
4.6.8.7 MC Smit
4.6.8.8 H van Dam (KR)
4.6.8.9 BJ van Dyk (adviserend)
4.6.8.10 RB van Aarde (adviserend)

4.6.9 Tydelike Bedieningskommissie

4.6.9.1 LG Schoeman (sameroeper)
4.6.9.2 F van Niekerk
4.6.9.3 SWP Scott
4.6.9.4 GJ van Jaarsveld
4.6.9.5 GM de Lange
4.6.9.6 ML Human
4.6.9.7 PJ Lourens
4.6.9.8 JP Rheeder
4.6.9.9 JS van der Walt
4.6.9.10 MW Pienaar
4.6.9.11 FPJ Brits
4.6.9.12 RF Erasmus
4.6.9.13 TIJ de Wet
4.6.9.14 BJ van Dyk (adviserend)
4.6.9.15 RB van Aarde (adviserend)

4.6.10 Tydelike Regskommissie

4.6.10.1 FJ van der Merwe (sameroeper)
4.6.10.2 H Theunissen
4.6.10.3 ZRA Strydom
4.6.10.4 FJ Herselman
4.6.10.5 C Stander
4.6.10.6 FM Vorster

4.6.11 Tydelike Kommissie vir Kommissies

4.6.11.1 JH Wildenboer (sameroeper)
4.6.11.2 AH Verhoef
4.6.11.3 JG Schuler
4.6.11.4 M Malherbe
4.6.11.5 AD Gerber
4.6.11.6 M Dames
4.6.11.7 WJC van Beek
4.6.11.8 L Uys
4.6.11.9 BJ van Dyk (adviserend)
4.6.11.10 RB van Aarde (adviserend)

4.6.12 Uitnodigings

4.6.12.1 Uitnodigings om die vergadering by te woon is aan verteenwoordigers van die volgende kerke gerig:
4.6.12.1.1 RCA
4.6.12.1.2 VGKSA in KZN
4.6.12.1.3 Gereformeerde Kerk
4.6.12.1.4 NH Kerk in Afrika
4.6.12.1.5 CESA
4.6.12.1.6 Anglikaanse Kerk (Church of the Province
4.6.12.1.7 Metodiste Kerk
4.6.12.1.8 Presbiteriaanse Kerk

Goedgekeur

4.7 Assistent Skriba

4.7.4 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit dat Bepaling 37.3.3 soos volg gewysig word: *"Die Moderamen wys voor die sinodevergadering 'n assistentskriba aan wat ook as voorsitter van die notulekommissie dien."*

Goedgekeur

5. KOMMUNIKASIE

Ds Johann Symington, Direkteur Kommunikasie van die NG Kerk, spreek die vergadering toe oor die belangrikheid van kommunikasie vir die NG Kerk.

8. KORRESPONDENSIE

8.3 Afsterwe van leraars

Die sinodevergadering gebruik 'n oomblik van stil gebed waarin die families en gemeentes van di F Meyer en L Kok aan die Here opgedra word.

Voorstel:
Die sinodevergadering spreek meegevoel uit teenoor die familie van ds Anné Verhoef (Bybel-Media) met sy afsterwe. Ons spreek ons dank uit teenoor die Here vir die groot werk wat hy in ons kerk gedoen het.
Goedgekeur

9 ADMINISTRASIE

9.3 Aansoek – Pongola

9.3.4 Aanbeveling: Die sinodevergadering keur goed dat die NG Kerk van

Pongola deel word van Natal Sinode en dat die sinodale grense dienooreenkomstig gewysig word.

Goedgekeur

9.3.5 Aanbeveling: Die sinodevergadering keur goed dat die NG Kerk Pongola deel word van die Ring van Vryheid.

Goedgekeur

9.3.6 Aanbeveling: Die sinodevergadering keur goed dat die sinodale bydraes vanaf Pongola gemeente oor 'n tydperk van drie jaar na Natal oorgedra word.

Goedgekeur

9.4 Naamsverandering

9.4.5 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit om nie nou die naam van die NG Kerk van Natal amptelik te verander nie, maar om in die omgangstaal te praat van die NG Kerk in KZN.

Nie goedgekeur nie.

Voorstel:

Die sinodevergadering besluit om die naam van die NG Kerk van Natal amptelik te verander na die NG Kerk in KZN.

Goedgekeur

Revisie:
Kennis van revisie is gegee tov die naamsverandering na NG Kerk in KZN.

T.4.1 (Punt 1 Revisie):
Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om nie revisie toe te staan oor die besluit tov die naamsverandering nie.
Goedgekeur

KERKHERENIGING

11.3 Konvent

CONVENTION 2005 - DECLARATION

As family of God, we the Convention of the DRC, RCA and URCSA in KZN, gathered at Winklespruit on 12-13 April 2005, believe in the same Triune God, Father, Son and Holy Spirit in whom we have our identity and in whom we trust as the God who protects and preserves his church.

1. *Therefore, because of our human depravity, we confess that in the past we experienced the following problems:*

- *The neglect of relationships, communication and fellowship.*
- *Negative attitudes towards each other.*
- *Emotions that were not to the glory of God.*
- *The way we dealt with issues of hurt, forgiveness and reconciliation.*
- *The way we dealt with economical, social and political issues.*

2. *We affirm:*

- *The inspired Word of God as sole authority for our doctrine, faith and practice.*
- *The value of open and honest communication and fellowship.*
- *The power of spiritual disciplines and gifts.*
- *The value of diversity.*

3. *We commit ourselves on biblical values to:*

- *Overcome the past through a continuous process of healing (reconciliation, forgiveness, etc.).*
- *Utilise mutual resources and opportunities to serve God together in our communities.*
- *Develop effective and appropriate structures and leadership.*
- *Unity as a vision inspired by God and the process must include the total membership of our churches.*

Voorstel:

Die Sinode in KZN aanvaar die verklaring van die Konvent en maak dit ons eie.
Goedgekeur

Die gesprek oor kerkhereniging is in 'n ope debat gevoer waarin dr Kobus Gerber (Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode) onder andere van die vrae beantwoord het. Geen nuwe besluite is geneem nie.

12.2 Belharbelydenis

Voorstel:
Die sinodevergadering van die NG Kerk in KZN versoek die VGKSA om uitsluitsel te

gee oor die Belydenis van Belhar se bewoording dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydende is. Die VGKSA word versoek om saam met hulle verduideliking ook hul Skrifberoep en eksegese vir die bewoording te gee.

Goedgekeur

Die sinodevergadering besluit om die volgende motivering van die voorsteller in te sluit in die skrywe aan die VGKSA:

Die bewoording in die Belhar Belydenis, naamlik "dat God in die besonder die God van die noodlydendes is" is 'n problematiese formulering.

- Presies hoe God in die besonder die noodlydende se God is, is nie duidelik nie. God is in die besonder die God en Vader van **sy kerk**.
- In die Nuwe Testement word baie sterk onderskeid tussen geloof en ongeloof getref. Johannes 3:18 – "Wie in Hom glo word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die Enigste Seun glo nie."
- Die Dortse Leerreëls bely dat God uit 'n algehele verlore mensdom sekere mense uitverkies alleen op grond van Sy vrye welbehae en nie op grond van enige eienskap / hoedanigheid van die sondaar nie.
- Die Belhar Belydenis het nie die geloof / ongeloof onderskeid en die uitverkiesingsonderskeid verreken in sy belydenis dat God in die besonder die God van die noodlydende is nie. Die formulering soos tans is eensydig en onduidelik.

Die voorsitter van die KZNCLG, kardinaal Wilfred Napier van die Roomse Katolieke Kerk spreek die sinodevergadering toe.

13. EKUMENE

13.6 KZNCLG en KZNCC

13.6.3 Aanbeveling: Die sinodevergadering keur volle lidmaatskap van die NG Kerk in KZN by die KZNCC goed.

Goedgekeur

N.2 VERSLAG VAN DIE SINODALE ONDERSTEUNINGSKOMMISSIE (A.2)

Die sinodevergadering neem die verslag van SOK in behandeling, neem kennis van die inhoud daarvan, bespreek dit en besluit soos volg:

6 MEDIESE SAKE

6.1 Discovery Mediesefonds

6.1.6 Aanbeveling: Die sinodevergadering voeg tussen hakies aan die einde van Bepaling 13.1.2 die volgende by: "(tensy die leraar aan 'n erkende mediesefonds van sy/haar eggenote/ eggenoot behoort)"

Goedgekeur

6.2 NGKN Befondser

6.2.5 Aanbeveling: Die sinodevergadering keur goed dat die NGKN Befondser gestaak is en skrap die Riglyne van die NGKN Befondser in die Bepalinge Lêer.

Goedgekeur

6.3 Subsidies: Pensioenarisse

6.3.9 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit om voort te gaan met die subsidie van pensioenarisse se mediesefondspremies en befonds dit uit die normale begroting.

Goedgekeur

6.3.10 Aanbeveling: Die sinodevergadering keur die volgende beleid vir die subsidie van mediese premies na aftrede goed:

Beleid vir die subsidie van mediese premies na aftrede:

Die NG Kerk van Natal subsidieer mediesefondspremies uit sinodale fondse na aftrede op die volgende voorwaardes:

1. *Subsidies word slegs aan predikante (en hulle weduwees/wewenaars) wat tydens hulle aftrede/diensbeëindiging in diens van 'n gemeente, 'n ring of die Sinode van die NG Kerk van Natal was, betaal;*
2. *Subsidies word slegs betaal nadat die predikant die ouderdom van 65 jaar bereik het;*
3. *Waar 'n predikant se diens weens gesondheids- of finansiële redes vroeër as 65 jarige ouderdom beëindig word, kan 'n subsidie op meriete oorweeg word. In sulke gevalle word die gesondheidstoestand en finansiële omstandighede tot op ouderdom 65 jaarliks heroorweeg;*
4. *Subsidies aan weduwees/wewenaars word slegs betaal indien hulle met die betrokke predikant tydens aftrede/diensbeëindiging getroud was en nadat die weduwee/wewenaar die ouderdom van 65 jaar bereik het;*
5. *Subsidies word slegs betaal indien die gesin/persoon deel is/word van die groep by die mediesefonds waaraan die NG Kerk van Natal behoort;*
6. *Persone wat hulle band met die NG Kerk verbreek, word nie verder gesubsidieer nie;*
7. *Die bedrag van die subsidie vir 'n egpaar is 6,5% (12% vir diegene wat voor Maart 1996 afgetree het) van die topkerf van 'n predikant se traktement. Enkellopendes kry 65% van die bedrag vir 'n egpaar;*

Voorstel:
Vervang "afgetree het" by punt 7 van die beleid met "65 jaar oud was", sodat die sin tussen hakies lees "(12% vir diegene wat voor Maart 1996 65 jaar oud was)".
Goedgekeur

8. *Subsidies word nie aan die persoon self uitbetaal nie, maar direk aan die Mediesefonds;*
9. *Aansoek om subsidie moet aan die PSD Ondersteuningsdienste gerig word en deur die SOK goedgekeur word;*
10. *Subsidies aan alle pensioenarisse wat tans gesubsidieer word, gaan op dieselfde basis as hierbo voort."*

Goedgekeur

6.3.11 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit dat die "Beleid vir die subsidie van mediese premies na aftrede" alle vorige besluite oor mediese

subsidies vervang en dat dit in die Bepalinge Lêer opgeneem word.

Goedgekeur

8 SINODALE BYDRAES

8.5 Verhoging van Bydraes

8.5.8 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit om die persentasies in die formule vir sinodale bydraes (Bepalinge Lêer, Deel 6, bladsy 10, punt 6.1) soos volg te wysig:

8.5.8.1 ~~Vier~~ Vyf persent (~~4~~ 5%) op die bedrag van die inkomste gelykstaande aan die werklike uitgawes van elke leraarspos tot 'n maksimum bedrag wat jaarliks deur die SOK bepaal word;

8.5.8.2 6.1.2 ~~Ses~~ Sewe persent (~~6~~ 7%) op die bedrag van die inkomste gelykstaande aan rente wat op 'n lening/verband betaal word;

8.5.8.3 6.1.3 ~~Tien~~ Elf persent (~~10~~ 11%) op die res van die inkomste van die gemeente.

8.5.8.4 6.1.4 ~~Ses~~ Sewe persent (~~6~~ 7%) van die inkomste van 'n gemeente wat langer as ses maande sonder 'n leraar is.

Goedgekeur

8.6 Stelsel: Sinodale Bydraes

8.6.2.4 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit om die besluit oor sinodale bydraes (Bepalinge Lêer, Deel 6, bl 9) soos volg te wysig:

8.6.2.4.1 Vervang die woorde “in die jaar waarin hy dit ontvang 6% van al sy inkomste,” in die eerste sin van punt 1 met: “ ... maandeliks ’n vaste bedrag gegrond op die gemeente se inkomste van ’n vorige jaar, ...” sodat die eerste sin van punt 1 soos volg lees: *Die stelsel behels dat elke gemeente maandeliks ’n vaste bedrag gegrond op die gemeente se inkomste van ’n vorige jaar, bereken volgens aanvaarde rekenkundige praktyke, bydra vir die onderhouding van die werk van die Sinode.”*
Goedgekeur

8.6.2.4.2 Vervang punt 2 met die volgende:

2. BASIS VAN BEREKENING EN OORBETALING

2.1 Die berekening van die maandelikse bedrag wat gemeentes verskuldig is ten opsigte van sinodale bydraes word gedoen voor die aanvang van die nuwe boekjaar, op grond van die gemeente se finansiële state van twee boekjare voor die nuwe boekjaar, met ander woorde Jaar 1 se state word gedurende Jaar 2 gebruik om Jaar 3 se bydrae te bereken.

2.2 Die bedrag word volgens die gewone formule bereken deur die gemeente met die opstel van hulle finansiële state in Jaar 1. Hierdie bedrag word deur die sinodale kantoor gekontroleer en deur die SOK aangepas met ’n bedrag wat nie hoër is as die amptelike inflasiekoers nie (VPI indeks). Waar gemeentes se state nie betyds ingedien word nie, stel die SOK ‘n voorlopige bydrae vas wat na die ontvangs van die state aangepas kan word.

2.3 Waar gemeentes een word/saam smelt word al die betrokke gemeentes se state gebruik om die sinodale bydrae vas te stel. Waar lidmate van een gemeente na meer as een gemeente oorgaan na eenwording, moet die ooreenkomste wat opgestel word voorsiening maak vir ’n pro-rata bedrag waarvoor elke gemeente instaan totdat ’n gesamentlike finansiële staat opgestel is. Waar geen ooreenkoms opgestel is nie, doen die SOK die pro-rata verdeling.

2.4 Waar ’n gemeente afstig moet die nuwe gemeente en die moedergemeente ooreenkom op ’n pro-rata verdeling van sinodale bydraes totdat aparte finansiële state beskikbaar is. Waar geen ooreenkoms opgestel is nie, doen die SOK die pro-rata verdeling.

2.5 Die sinodale bydrae soos jaarliks deur die SOK vasgestel, word voor die aanvang van die boekjaar (Jaar 3) deur die kommissie van die ring wat fondse hanteer finaal goedgekeur en bly vasstaan vir Jaar 3.

2.6 Gemeentes kan via hulle ring se kommissie wat fondse hanteer vertoë aan die SOK rig om die bedrag te verminder indien daar duidelik getoon kan word dat die gemeente se inkomste drasties (met meer as 10%) afgeneem

het of gaan afneem sedert die boekjaar op grond waarvan die berekening gedoen is. Waar die SOK 'n vermindering van bydrae goedgekeur het, kan dit weer verhoog word indien die finansiële state van die gemeente uiteindelik aantoon dat daar nie 'n vermindering van meer as 10% in inkomste was nie.

2.7 Sinodale bydraes word maandeliks per debietorder van gemeentes se bankrekening gevorder. Volgens hierdie stelsel is dit 'n vaste bedrag en geen ander bykomende bedrag word gevorder nie behalwe as die situasie soos beskryf in punt 2.6 hierbo opduik.

2.8 Waar gemeentes 'n kontantvloei probleem ondervind, kan vertoë tot die sinodale kantoor gerig word om die debietorder tydelik te verminder of te kanselleer. Die gemeente bly egter steeds aanspreeklik vir die agterstallige bydrae.

2.9 Rente word op agterstallige bedrae gehef, tensy die SOK vooraf goedgekeur het dat 'n gemeente nie sinodale bydraes hoef oor te betaal nie.

Goedgekeur

8.6.2.4.3 Skrap by punt 6.1.4 die eerste sin na die woord "BELANGRIK", nl *Alhoewel hierdie besluit alle gemeentes raak, is dit belangrik dat almal gedurende die jaar hou by die reëling soos in punt 1 en 2 hierbo, nl dat 6% van alle inkomste uit die gemeente maandeliks oorbetaal word.*

Goedgekeur

Voorstel:

Voeg twee nuwe punte na punt 8.6.2.4 in wat lui:

8.6.2.5 Die sinodevergadering besluit dat die besluite by punt 8.6.2.4 terugwerkend vanaf 1 Maart 2005 in werking tree.

Goedgekeur

8.6.2.6 Die sinodevergadering besluit dat die SOK volmag het om in die oorgangstadium verligting aan gemeentes te kan gee wat so versoek en wat eenmalige buitengewone inkomstes in die 2003/2004 en 2004/2005 boekjare gehad het, sodat hulle nie twee keer op daardie inkomstes sinodale bydraes betaal nie.

Goedgekeur

Voorstel:

T.2.1 (Punt 1 Stelsel Sinodale Bydraes)

1.1 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit om aan die SOK volmag te gee om sinodale bydraes slegs te bereken op grond van gemeentes se lopende inkomste indien dit vir die sinodale begroting haalbaar is.

Goedgekeur

10 STUDIEFONDSE

10.1 Reglement wysiging

10.1.4 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit dat die Reglement vir Studiebeurse/lenings soos volg gewysig word:

10.1.4.1 Wysig Punt 3.2.1 soos volg: "Die bedrag van die lenings sal aan die einde van elke boekjaar as 'n beurs uit die Natalse Studiebeursfonds vereffen word."

10.1.4.2 Skrap punt 3.3.2, die hele punt 5 en die hele punt 6.

Goedgekeur

11.7 2 Eiendomsbelasting

Voorstel:

Die NG Kerk in KZN bedank die regering van KZN vir die besluit om kerke steeds vry te stel van eiendomsbelasting.

Goedgekeur

12 EIENDOM EN TOERUSTING

12.5 Feesterreine

12.5.5 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit dat die Danskraal Trustfonds gesluit word en die saldo na die Sinode se Reserwefonds oorgedra word.

Goedgekeur

N.3 VERSLAG VAN SINODALE BEDIENINGSKOMMISSIE (A.3)

Die sinodevergadering neem die verslag van die SBK in behandeling, neem kennis van die inhoud daarvan, bespreek dit en besluit soos volg:

1. INLEIDING

1.3.2 Kundige lede:

Voeg die volgende in:

1.3.2.6 Sending:
Ds MW Pienaar
Ds MS van Rooyen

1.6 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit om die SBK voortaan soos volg saam te stel:
1.6.1 Een verteenwoordiger uit elke ring.
1.6.2 Een kundige lid vir die volgende bedieningsmodi / -terreine:
1.6.2.1 Kerugma
1.6.2.2 Leitourgia
1.6.2.3 Paraklese
1.6.2.4 Koinonia
1.6.2.5 Didaché
1.6.2.6 Diakonia
1.6.2.7 Marturia
1.6.3 Een kundige lid vir die:
1.6.3.1 Natalse skoolverlaterskampe
1.6.3.2 Natalse predikantekursusse
1.6.4 Die twee PSD's adviserend
Goedgekeur

3. FAMILIESAKE

3.2 Homoseksualiteit

Voorstel:
1 Die NG Kerk in KZN het steeds groot deernis met alle sondaars en verwelkom hulle as sodanig, op grond van hulle geloof en belydenis, as lidmate van die kerk. Die kerk het egter terselfdertyd die verantwoordelikheid om alle sondige praktyke teen te staan en te beveg ter wille van die eer van God.
2 Volgens die NG Kerk in KZN het ons daarom steeds die grootste deernis vir mense met 'n homoseksuele oriëntasie, maar ons kan op grond van ons verstaan van die Skrif geen homoseksuele dade goedkeur nie.
3 Die NG Kerk in KZN is oortuig dat weerhouding van seksuele dade die aangewese uitweg is vir enige persoon wat nie tuiskom in 'n heteroseksuele huwelik nie.
Goedgekeur.

Amendement:
Die Sinode van KZN besluit om eers met die besluit van die Algemene Sinode te volstaan.
Nie goedgekeur nie.

Revisie:

Na goedkeuring tot revisie gegee is (sien T.4.2, punt 1 Aansoek om revisie), is die saak van revisie bespreek en het die voorstellers van die revisie, oorspronklike voorstel en amendament geleentheid gekry om kommentaar te lewer. Daarna het die Voorsitter gereël dat daar 'n tweede keer oor die saak gestem moet word. Die uitslag van die stemming het dieselfde gebly.

Voorstel:
T.3.1 (Punt 1 Homoseksualiteit)
Aanbeveling: Die sinodevergadering versoek die SBK om riglyne te ontwikkel vir die pastorale begeleiding van mense met 'n homoseksuele oriëntasie. (T.3.1 Verslag van die Tydelike Bedieningskommissie).
Goedgekeur

3.9 Liturgiese Element by Vergaderings

3.9.3 Aanbeveling: Die sinodevergadering aanvaar die riglyne en kreatiewe idees vir die liturgiese element by kerklike vergaderings en moedig gemeentes, ringe en sinodale strukture aan om dit na gelang van omstandighede in hul vergaderings te gebruik.
Goedgekeur

3.10 Predikantebediening

Ds F van Niekerk lei 'n gesprek oor predikantebediening wat die klem laat val op 'n omvattende strategie in die bediening aan predikante in KZN

3.10.2 Aanbeveling:
3.10.2.1 Die sinodevergadering keur die Bedieningsvreugdemodel goed as

sy strategie vir Predikante-bediening in Natal.

Goedgekeur

3.10.2.2 Die sinodevergadering keur die verdere implementering van die Bedieningsvreugdestrategie goed en versoek leraars en kerkrade se volle ondersteuning daarin.

Goedgekeur

Voorstel:

T.3.1 (Punt 2 Predikantebediening)

2.1 Aanbeveling: Die voorstel word nie goedgekeur nie en gemeentes word versoek om, in terme van die verlofreglement, voorsiening te maak vir predikante om voldoende te rus.

Goedgekeur

2.2 Aanbeveling: Die sinodevergadering verwys die inrigting, tyd, verpligting en verantwoordelikheid vir die neem van langverlof vir deeglike besinning na die SBK en SRK.

Goedgekeur

3.11 Predikantekursus

(Sien Agenda pt 4.6 van Bedienings-vreugdestrategie)

3.11.7 Aanbeveling:

3.11.7.1 Die sinodevergadering beskou die jaarlikse predikantekursus as 'n belangrike toerustings-geleentheid en 'n geleentheid om, in terme van sy visie, hegte familiebande te versterk.

3.11.7.2 Die sinodevergadering versoek alle predikante binne die sinodale gebied om dit by te woon.

Goedgekeur

3.12 Selfsorgslypskool

(Sien Agenda pt 4.1 van Bedienings-vreugdestrategie.)

3.12.6 Aanbeveling:

3.12.6.1 Dié selfsorgprogram word deel van die Bedieningsvreugde-strategie van die Sinode van die NG Kerk in KZN en staan bekend as die 'Bedieningsvreugde Selfsorgprogram'.

3.12.6.2 Die sinodevergadering beskou die Bedieningsvreugde Selfsorg-program as 'n prioriteitsbediening en versoek die SBK om dit as 'n prioriteitsbegroting te hanteer.

3.12.6.3 Die sinodevergadering gee opdrag aan die SBK om, in samewerking met die SOK en SRK (regskommissie), ondersoek in te stel en 'n studie te doen na die sogenaamde "*predikant onvriendelike strukture*" in die kerk.

Goedgekeur

3.16 Skoolverlaterskampe

3.16.6 Aanbeveling:

3.16.6.1 Die sinodevergadering versoek predikante om die jaarlikse skoolverlaterskampe met groot entoesiasme by matrikulante in die gemeente te bemark.

3.16.6.2 Gemeentes word versoek om dit te oorweeg om te help met die subsidiëring van die busvervoer.

Goedgekeur

3.17 Jeugbediening

3.17.4 Aanbeveling: Die sinodevergadering identifiseer jeugbediening as 'n prioriteit in sy visie op die ondersteuning van gemeentes binne die hegte familiebande.

Goedgekeur

4.2 Combined Missions Committee (CMC) en vennootskap met Kingfisher Mobilisering-sentrum (KMS)

4.2.5 Aanbeveling: Die sinodevergadering keur dit in beginsel goed dat die SBK voortaan, binne die beperking van beskikbare fondse, vir 'n bydrae aan die CMC fonds sal begroot.

Goedgekeur

4.2.8 Aanbeveling: Die sinodevergadering versoek gemeentes om slegs binne 'n vennootskap met die plaaslike Familie-gemeentes plaaslike getuienisaktiwiteite te beplan.

Goedgekeur

5.1.6 KZN CMD:

T.3.1 (Punt 3 KZN CMD

Aanbevelings:

1 Die sinodevergadering versoek gemeentes en ringe om deurlopend betrokke te bly by die kinderhuise van die KZN CMD.

Goedgekeur

2 Die sinodevergadering spreek dank en waardering uit teenoor die personeel van die kinderhuise vir die groot werk wat hulle doen.

Goedgekeur

3 Die sinodevergadering versoek gemeentes en lidmate om deurlopend te bid vir die personeel van die kinderhuise en hulle geestelik en emosioneel te ondersteun.

Goedgekeur

N.4 VERSLAG VAN SINODALE REGSKOMMISSIE (A.4)

Die sinodevergadering neem die verslag van die Regskommissie in behandeling, neem kennis van die inhoud daarvan, bespreek dit en besluit soos volg:

8. BEPALINGE LÊER

8.4 Voorgestelde wysigings

Ds F van der Merwe lei 'n gesprek oor die effektiewe funksionering van die ring in en ontvang voorstelle wat deur die SRK hanteer sal word.

8.4.1 Bep 31

8.4.1.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om Bep 31 met die volgende te vervang:

BEPALING 31.1 – GEWONE VERGADERING VAN DIE RING
31.1.1 Die gewone vergadering(s) van die ring word gehou op 'n plek, datum(s) en tyd soos deur die ring bepaal.

31.1.2 Wanneer die kommissie van die ring wat die ringsvergadering reël dit nodig vind, kan die plek en tyd verander word.

31.1.3 Die vergadering word byeengeroep deur 'n skriftelike kennisgewing aan kerkrade minstens drie weke voor die vergadering.

Bepaling 31.2 – BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE RING

Die kommissie van die ring wat die ringsvergadering reël kan, wanneer hy dit noodsaaklik ag, 'n buitengewone ringsitting byeenroep. In so 'n geval moet daar minstens twee weke vantevore skriftelik kennis gegee word aan kerkrade (vgl. Bep. 30.1.3 en 30.2.3).

BEPALING 31.3 – KONSTITUERING
31.3.1 Die voorsitter neem die opening en leiding van die ring waar. Indien daar nog nie 'n voorsitter gekies is nie, neem die leraar met die langste diens wat die oudste in jare is waar totdat die voorsitter gekies is.

31.3.2 Wanneer die geloofsbriewe ingelewer en goedgekeur is en 'n kworum teenwoordig is, verklaar die voorsitter dat die ring wettig gekonstitueer is.

31.3.3 'n Volstrekte meerderheid van die getal afgevaardigdes vorm 'n kworum.

31.4 – PERSONEEL VAN DIE RINGSVERGADERING
Die ring kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba vir die vergadering en daaropvolgende vergaderings vir 'n tydperk soos deur die ring besluit.

BEPALING 31.5 – PLIGTE VAN DIE SKRIBA VAN DIE RING
Behalwe die pligte van die skriba in terme van Art. 25 van die Kerkorde voer hy ook die volgende opdragte uit:

31.5.1 Hy stuur beskrywingspunte van die ring na die skriba van die Sinode.

31.5.2 Hy stuur binne twee maande na die vergadering die oorspronklike handelinge van die vergadering saam met al die bylaes wat daarby hoort aan die argivaris.

31.5.3 Hy stuur na afloop van die vergadering alle besonderhede wat vereis word na die argiefbeampte wat dit deurstuur na Die Jaarboek.

31.5.4 Hy gee so spoedig moontlik na die vergadering aan die kerkrade kennis van die besluite wat op hulle betrekking het.

31.5.5 Hy tree op as skriba van die kommissie van die ring wat aangewys is om die bestuurstake van die ring te vervul.

31.5.6 Hy voer uit wat aan hom opgedra word in die bepalinge wat handel oor beroeping, bevestiging en uitdienstreding van leraars, afstigting van gemeentes, tug- en appèlsake, kennisgewing van vergaderinge ens.

31.5.7 Hy doen jaarliks aan die gewone vergadering van die ring verslag van sy werksaamhede.

BEPALING 31.6 – VASTE WERKSAAMHEDE VAN DIE RING TUSSEN VERGADERINGS

31.6.1 Voor die verdaging van die ring kies die ring een of meer kommissie(s) met sekundi wat tot die volgende ringsvergadering aan die volgende werksaamhede aandag gee:

31.6.1.1 alle spoedeisende sake totdat die ring dit in behandeling kan neem;

31.6.1.2 sake wat in bepalinge handel oor beroeping, bevestiging en uitdienstreding van leraars, afstigting van gemeentes, tug en appèlsake, besware in verband met kiesing van kerkraadslede ens.;

31.6.1.3 vul van vakatures op ringskommissies/ taakgroepe (vgl. Bep. 31.7 – 31.8);

31.6.1.4 aanbevelings by die betrokke sinodale kommissie in verband met aanvulling van vakatures op kommissies van die Sinode (vgl. Bep. 37.8.5, 37.8.6);

31.6.1.5 die benoeming van konsulente wanneer nodig (vgl. Bep. 28.4.1);

31.6.1.6 die behoorlike beheer en administrasie van die ringsadministrasiefonds (vgl. Bep. 31.12);

31.6.1.7 hantering van die notule van die vorige ringsitting (vgl Bep 31.5.2.2 en 31.5.2.3);

31.6.1.8 die belê, reël en organisering van die volgende ringsitting of enige buitengewone vergaderinge van die ring (vgl Bep 31.2);

31.6.1.9 die nakoming van alle statutêre pligte.

31.6.2 Hierdie kommissie(s) bestaan uit ten minste drie lede (elk) en doen jaarliks skriftelik verslag aan die ringsvergadering.

31.6.3 In die geval waar die ring meer as een kommissie aanwys om bostaande werksaamhede te hanteer, word die verdeling van die werksaamhede in die huishoudelike bepalinge beskryf (Vgl Bep 31.10.3).

31.6.4 In die hantering van hierdie werksaamhede bestaan die betrokke kommissie uit ten minste drie lede.

31.6.4.1 Die skriba is ampshalwe lid van die kommissie wat die bestuurs-verantwoordelikhede van die ring hanteer (bv 31.6.1.3 - 31.6.1.8).

31.6.4.2 Alle amptelike korrespondensie word gerig aan die adres van die skriba. In geval van meer as een kommissie wat bostaande werksaamhede hanteer, gee hy die sake deur aan die betrokke kommissie.

BEPALING 31.7 – ANDER KOMMISSIES/ TAAKGROEPE VAN DIE RING
31.7.1 Die ring benoem kommissies/taakgroepe om bediening(e) in en deur die ring te beplan, organiseer en daarin leiding te gee.

31.7.2 Hierdie kommissies/taakgroepe doen gereeld skriftelik verslag aan die ring.

31.7.3 Gemeentelede wat nie lid van die ringsvergadering is nie behoort so ver moontlik volgens hulle gawes betrek te word by die onderskeie kommissies/taakgroepe.

31.7.4 In die strukturering van sy bedieninge moet die ring verseker dat die volle spektrum van die kerk se bediening in fokus bly en dat daar goeie kommunikasie is tussen die verskeie aspekte van die bediening in en deur die gemeente en dié van die kerkverband.

BEPALING 31.8 – KERKVISITASIE

31.8.1 Die ring sien toe dat gereeld persoonlike visitasie in al die ringsgemeentes gedoen word.

31.8.2 Skriftelike visitasieverslae dien voor die ringsvergadering.

31.8.3 Die ring rig die visitasie in na behoefte van plaaslike omstandighede. Hierin kan gebruik gemaak word van die riglyne vir visitasie (vgl Riglyne vir Kerkvisitasie, Deel 4 – bladsy 21).

BEPALING 31.9 – BENOEMING VAN KONSULENTE
Die ring benoem jaarliks vir elke gemeente 'n konsulent (vgl. KO Art. 28.4, Bep. 31.6.3.6).

BEPALING 31.10 – BEPAALDE BEVOEGDHEDE VAN DIE RING
Die ring is bevoeg om:
31.10.1 die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die

gemeentes binne die ring, soos telkens deur die ring bepaal, te behartig.

31.10.2 ampsdraers vir buitengewone werksaamhede te benoem;

31.10.3 huishoudelike bepalinge onderhewig aan die Kerkorde en Bepalinge op te stel;

31.10.4 aanbevelings te doen oor aanvulling van vakatures op sinodale kommissies (vgl. Bep. 37.8.6);

31.10.5 aandag te gee aan versoekskrifte, beskrywingspunte, aansoeke om grenswysigings en naamsveranderings van gemeentes.

BEPALING 31.11 – KONFERENSIE MET DIE GEMEENTE
Die ring kan tydens sy jaarlikse vergadering 'n konferensie met die plaaslike gemeente hou ter bevordering van die welsyn van die kerk.

BEPALING 31.12 – DIE RINGSADMINISTRASIE-FONDS
Die ring maak voorsiening vir 'n administrasiefonds waartoe die kerkrade jaarliks 'n bydrae soos wat die ring van tyd tot tyd mag besluit, moet maak, om die koste van alle ringswerksaamhede te dek. Die ring dra die administrasie van die fonds aan 'n kommissie van die ring op (vgl. Bep.31.6.1.6) wat jaarliks verslag doen aan die ring.

BEPALING 31.13 – DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES
31.13.1 Vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes word die voorskrifte van die Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes – Algemene Sinode gevolg.

31.13.2 Die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes geskied met advies van die ring of van 'n gevolmagtigde kommissie van die ring.
Goedgekeur

8.4.2 Bep 34.1.1

8.4.2.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering wysig Bep 34.1.1 om soos volg te lees:

34.1.1 Die Sinodevergadering besluit self wanneer die volgende sinodale vergadering plaasvind (vgl Art. 34).

34.1.2 Die Moderamen bepaal die plek waar die sinodale vergadering plaasvind.

Goedgekeur

8.4.2.2 Aanbeveling: Die numerering van die res van Bepaling 34 word dienooreenkomstig aangepas.

Goedgekeur

8.4.3 Kerklike Fees- en Biddae

8.4.3.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om die besluit oor Spesiale Sondae (Deel 6, bl 7) met die volgende te vervang:

Kerklike fees- en biddae

1. Die NG Kerk van Natal hou by die kerklike fees- en biddae van die Algemene Sinode soos wat jaarliks in die Jaarboek gepubliseer word.

2. Die NG Kerk van Natal besluit op die volgende bykomende jaarlikse biddae:

2.1 Bid- en dankdag vir die RSA – die Sondag voor 27 April;

2.2 Biddag vir geregtigheid – die Sondag voor 21 Maart.

Goedgekeur

8.4.4 Vorm 24

8.4.4.1 Aanbeveling: Die sinodevergadering besluit om 'n punt 1.2.7 by vorm 24 te voeg wat soos volg lui:

1.2.7 Bevestig as [permanente leraar] [tentmaker] [termynbepaalde kontrak] (merk waar van toepassing).

Goedgekeur

N.5 KOMMISSIES, VERTEENWOORDIGERS EN AFGEVAARDIGDES

5.1 Kommissies

T.5.1 en T.5.2 (Punt 2 Kommissies)
Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die samestelling van die volgende komissies goed:

2.1 Moderamen:

2.1.1 Die vier verkose moderatuurslede met hulle sekundi (soos verkies tydens 2003 Sinodevergadering):
Primarii: LW Meyer
PJ Raath
FJ van der Merwe
PJ Meyer

Sekundi: LG Schoeman
H Theunissen
SWP Scott

2.1.2 Een predikant en een kerkraadslid uit elke ring (deur die ringe aangewys):

Predikante:
Amajuba:
Prim: H Theunissen
Sek: SWP Scott
Durban:
Prim: ML Human
Sek: DJ Venter
Durban-Suid:
Prim: L van der Walt
Sek: MW Pienaar
Ladysmith:
Prim: MC Smit
Sek: JG Schuler
Melmoth:
Prim: FJ Janse van Rensburg
Sek: JG de Wet
Pietermaritzburg:
Prim: PA Swanepoel
Sek: SH Rudolph
Port Shepstone:
Prim: DM Wagenaar
Sek: AD Gerber
Vryheid:
Prim: J Vosloo
Sek: FW Neser

Kerkraadslede:
Amajuba:
Prim: CHJ van Dam
Sek: DWS Botha
Durban:
Prim: CJC Bleeker
Sek: JM Esterhuizen
Durban-Suid:
Prim: MJ Swart
Sek: A van Vuuren
Ladysmith:
Prim: AJ Human
Sek: E Dippenaar
Melmoth:
Prim: LC de Jager
Sek: WGZM Pretorius
Pietermaritzburg:
Prim: MMS van Schalkwyk
Sek: GH Wolmarans
Port Shepstone:
Prim: JJG Wilken
Sek: JP Swart
Vryheid:
Prim: JZ Moolman
Sek: A Nel

2.1.3 Een verteenwoordiger van elk van die SBK en SOK:
Prim: SBK: LG Schoeman
SOK: FJ Klopper
Sek: SBK: GJ van Jaarsveld
DSM Schoeman

2.1.4 Die PSD's (adviserend):
RB van Aarde
BJ van Dyk

2.2 Sinodale Regskommissie:

2.2.1 Aktuarius:
Prim: FJ van der Merwe
Sek: H Theunissen

2.2.2 Vyf kundige persone:
Primarii: H Theunissen
ZRA Strydom
FJ Herselman
C Stander
FM Vorster
Sekundi: JHJ van Rensburg
WJ Burger
JH Booysen

2.2.3 Die PSD's (adviserend):
RB van Aarde
BJ van Dyk

2.3 Sinodale Bedieningskommissie:

2.3.1 Een verteenwoordiger uit elke ring (deur die ringe aangewys):

Amajuba:
Prim: MCE Dames
Sek: AL van Rooyen
Durban:
Prim: ML Human
Sek: DJ Venter
Durban-Suid:
Prim: L van der Walt
Sek: MW Pienaar
Ladysmith:
Prim: GS Botha
Sek: G Louw
Melmoth:
Prim: PJ Lourens
Sek: FPJ Brits
Pietermaritzburg:
Prim: JP Rheeder
Sek: SH Rudolph
Port Shepstone:
Prim: JS van der Walt
Sek: AH Scholtz
Vryheid:
Prim: FW Neser
Sek: F van Niekerk

2.3.2 **Kundige lede:**

2.3.2.1 Kerugma:
Prim: RF Erasmus
Sek: AJ Small

2.3.2.2 Leitourgia:
Prim: GJ van Jaarsveld
Sek: M Kruger

2.3.2.3 Paraklese:
Prim: F van Niekerk
Sek: GP Burger

2.3.2.4 Koinonia:
Prim: TIJ de Wet
Sek: JH Wildenboer

2.3.2.5 Didaché:
Prim: GM de Lange
Sek: R Visser

2.3.2.6 Diakonia:
Prim: SWP Scott
Sek: AC Steyn

2.3.2.7 Marturia:
Prim: LG Schoeman
Sek: F Neser

2.3.3 Leiers van SBK werkgroepe soos benodig en soos deur die SBK aangewys.

2.3.4 Die PSD's (adviserend):
RB van Aarde
BJ van Dyk

2.4 Sinodale Ondersteunings-kommissie:

2.4.1 Een kundige uit elke ring (deur ringe aangewys):
Amajuba:
Prim: CHJ van Dam
Sek: GM de Lange
Durban:
Prim: RHJ Venter
Sek: VR Torlage
Durban-Suid:
Prim: FJ Klopper
Sek: AH Verhoef
Ladysmith:
Prim: MC Smit
Sek: JG Schuler
Melmoth:
Prim: DSM Schoeman
Sek: C Rossouw
Pietermaritzburg:
Prim: JA de Wet
Sek: AC Steyn
Port Shepstone:
Prim: AD Gerber
Sek: PJ Fouche
Vryheid:
Prim: J Vosloo
Sek: JL Uys

2.4.2 Een verteenwoordiger van elk van die Moderamen, SRK en SBK:
Mod: CHJ van Dam (prim)
LJ van der Walt (sek)
SRK: ZRA Strydom (prim)
FM Vorster (sek)
SBK: NL Human (prim)
L van der Walt (sek)

2.4.3 Die PSD's (adviserend):
RB van Aarde
BJ van Dyk

2.4.4 Die Rekenpligtige Beampte (adviserend):
JCW van den Berg

2.4.5 Die Argiefbeampte (adviserend):
E Raath

Goedgekeur

5.2 Verteenwoordigers

T.5.1 en T.5.2 (Punt 3 Verteenwoordigers)
Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende verteenwoordigers op die Kuratoria en Eksamenkommissies goed:

3.1 Stellenbosch:
Prim: H Theunissen
Sek: FJ van der Merwe

3.2 Pretoria:
Prim: FJ Klopper
Sek: PJ Raath

3.3 Bloemfontein:
Prim: RB van Aarde
Sek: LG Schoeman

Goedgekeur

5.3 Afgevaardigdes na Algemene Sinode

5.3.1 Samestelling van afvaardiging

T.1.1 (Punt 2, afvaardiging)

1.1 Aanbeveling: Die sinodevergadering keur die volgende samestelling van die afvaardiging na die volgende Algemene Sinode goed:

14 leraars
- 4 lede van die Moderatuur;
- 2 voorsitters van die kommissies (SOK en SBK)
– 8 deur ringe aangewys
14 ouderlinge
- 8 deur ringe aangewys
- 6 deur die Sinodevergadering

Goedgekeur

1.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat die Predikante in Sinodale Diens die volgende Algemene Sinodevergadering op die Sinode se koste bywoon as waarnemers.

Goedgekeur

1.3 Aanbeveling: Die Moderamen word toegelaat om hoogstens nog 'n ekstra drie lede op koste van die sinode na die volgende Algemene Sinode te stuur.

Goedgekeur

Voorstel:
Die sinodevergadering besluit dat:
1 die sekundus afgevaardigde predikant van elke ring na die Moderamen die sekundus na die Algemene Sinode is;
2 die ondervoorsitter van die dagbesture van die SOK en die SBK die secundi van die voorsitters van hierdie kommissies na die Algemene Sinode is.
3 Indien nodig kry die Moderamen volmag om die afvaardiging na die Algemene Sinode aan te vul.
4 Die sinodevergadering gee volmag aan die Moderamen om die datum, tyd en plek van die volgende sinode-vergadering te bepaal.

Goedgekeur.

5.3.2 Afgevaardigdes
Predikante uit die ringe
(vgl samestelling van Moderamen by 5.1 hierbo):
Amajuba:
Prim: H Theunissen
Sek: SWP Scott
Durban:
Prim: ML Human
Sek: DJ Venter
Durban-Suid:
Prim: L van der Walt
Sek: MW Pienaar
Ladysmith:
Prim: MC Smit
Sek: JG Schuler
Melmoth:
Prim: FJ Janse van Rensburg
Sek: JG de Wet
Pietermaritzburg:
Prim: PA Swanepoel
Sek: SH Rudolph
Port Shepstone:
Prim: DM Wagenaar
Sek: AD Gerber
Vryheid:
Prim: J Vosloo
Sek: FW Neser

Voorsitters van kommissies:
SBK: LG Schoeman (prim)
GJ van Jaarsveld (sek)
SOK: FJ Klopper (prim)
DSM Schoeman (sek)

Kerkraadslede uit die ringe:
(vgl samestelling van Moderamen by 5.1 hierbo):
Amajuba:
Prim: CHJ van Dam
Sek: DWS Botha
Durban:
Prim: CJC Bleeker
Sek: JM Esterhuizen
Durban-Suid:
Prim: MJ Swart
Sek: A van Vuuren
Ladysmith:
Prim: AJ Human
Sek: E Dippenaar
Melmoth:
Prim: LC de Jager
Sek: WGZM Pretorius
Pietermaritzburg:
Prim: MMS van Schalkwyk
Sek: GH Wolmarans
Port Shepstone:
Prim: JJG Wilken
Sek: JP Swart
Vryheid:
Prim: JZ Moolman

Sek: A Nel

Kerkraadslede deur die Sinodevergadering aangewys:

Prim: Me LJ van der Walt, GM de Lange, DWS Botha, Me SE Mann, JC Duminy, A Cloete.

Sek: W Hatting, E Dippenaar, M Esterhuizen, LJ Boshoff, Me D van der Schyff, VR Torlage, FM Vorster, Me CMJ Ter Haar, W Botha, JA de Wet, GH Wolmarans, JP Swart, CE le Roux, AS Cloete.

N.6 AFSLUITING VAN DIE SINODEVERGADERING

1 BEDANKINGS

Die Assessor, ds Pieter Raath behartig die bedankings.

2 AFSLUITINGSLITURGIE

Die sinodevergadering word afgesluit met ’n afsluitingsliturgie.

Die sinodevergadering verdaag om 13:00 op 13 Oktober 2005.